# MIKROFOKUS

11 Junie 2024 | 20/2024

1. UIT DIE KANTOOR
2. MIKRO-PLAKKIE
3. PROJEK HANNAH
4. LAASTE SAALBYEENKOMS
5. MIKRO MARK
6. GRAAD 4 TOT 7-KONSERT
7. EKSTRA KUNSKLASSE
8. WEEK 11-GEBEURE
9. KALENDER
10. ADVERTENSIES
11. BORGE



## 1 UIT DIE KANTOOR

**BELA-OUERINLIGTINGSAAND:**
**ONS SIEN DAARNA UIT OM TEN MINSTE EEN OUER PER GESIN VANAAND OM 19:00 IN DIE SKOOLSAAL TE SIEN.**

Socrates het gesê:

***"The secret of change is to focus all of your energy, not on fighting the old, but on building the new."***

Ons is voortdurend besig om te kyk waar ons as skool kan vernuwe. 'n Aspek van ons skool se kultuur/tradisie is die M-logo wat op skoolklere en sommige ander materiaal verskyn. Ons het gevolglik 'n nuwe M-logo ontwerp wat ons geleidelik wil infaseer. Ons stel vandag hierdie huwe logo aan u bekend en wil u ook verseker dat u deeglik ingelig sal word van hoe ons die nuwe logo oor tyd wil infaseer. Ons is opgewonde oor die nuwe logo wat die M van Mikro met 'n skryfveer kombineer. Die skool is na die skrywer CH Kühn vernoem wat onder die skuilnaam Mikro meer as 'n honderd kinderboeke geskryf het en diep spore in Kuilsrivier se gemeenskap getrap het. Sien ons nuwe logo hieronder.

Aan die einde van hierdie tweede skoolkwartaal is ons diep dankbaar vir almal se insette om aan ons kinders soveel geleenthede te bied. Ek het hierdie kwartaal gesien hoe kinders uit hul dop kruip en inisiatief neem en groei, soos wat hulle die geleenthede aangryp wat ons vir hulle skep. Baie geluk aan elke leerder wat uitgestyg het en op vele terreine presteer het. Ons sê egter ook dankie vir elke leerder wat nie noodwendig 'n toekenning van 'n aard gekry het nie, maar wat entoesiasties deelgeneem het. Hulle is ook kampioene! Mag hierdie wintervakansie vir elkeen van u die nodige rus en kalmte bring om weer die "batterye" te herlaai vir die derde kwartaal.

Wees asseblief veilig.

## 2 MIKRO-PLAKKIE: CHILLOES




Ons is opgewonde om ons eie Laerskool Mikro plakkies aan al ons ouers en leerders bekend te stel.

Hierdie plakkies sal tydens die somermaande gedra kan word sodat leerders se voete nie op die warm teer brand nie.

Plakkies mag by die volgende geleenthede gedra word:

1. **Graad 1-3 leerders** saam met hul somersdrag skoolklere (geen ander plakkie sal toelaatbaar wees saam met skoolklere nie).
2. **Graad 4-7 leerders** saam met hul LO-drag tydens die somer (plakkies is opsioneel en leerders kan nog steeds kaalvoet kom of oorwegend wit tekkies dra).
3. **Alle leerders** mag dit in die middag na sportoefeninge toe dra (Mikro-plakkies mag nie by wedstryde gedra word nie).

Ouers is ook welkom om vir hulself 'n paar Mikro-plakkies aan te skaf.

Plakkies se grootte is die normale UK grootte en kan teen **R250** per paar gekoop word. Elke leerder ontvang vandag 'n bestelvorm. Alle bestellings en betalings moet voor / op **31 Julie 2024** geskied.

**LET WEL: NEEM KENNIS VAN NUWE KONTANTBETALINGSMETODE IN PLAAS VAN KARRI, NAAMLIK STICITT, WAT MET D6 GEÏNTEGREER IS.**
Vir meer inligting oor hoe om Sticitt betalings te doen, sien D6-toepassing by Bronne.

# 3 PROJEK HANNAH - 12 JUNIE 2024

HANNAH

## CIVVIEDAG

12 JUNIE 2024

**BRING ENIGE NIE-BEDERFBARE KOS EN JY KAN GEWONE KLERE DRA.**

Projek Hannah wil graag in die winter ‘n pak graankos en melk, of smeergoed vir ‘n broodjie, aan ons minderbevoorregte maats se gesinne gee. Deur net een van hierdie items te skenk, kan ons ‘n groot verskil in ons eie mense se lewens maak.

Kom ons vat hande en leef die **OMGEE-waarde** van Laerskool Mikro prakties uit deur betrokke te raak by PROJEK HANNAH.







# 4 LAASTE SAALBYEENKOMS VAN DIE KWARTAAL

Ons laaste saalbyeenkoms van hierdie kwartaal sal op Donderdag, 13 Junie 2024 om 07:45 plaasvind. Die graad 4 -7 akademiese presteerders van die kwartaal, sal ook tydens hierdie saalbyeenkoms erkenning kry. Daar sal dus geen saalbyeenkoms op Vrydag, 14 Junie 2024 wees nie.

# 5 MIKRO MARK

Die Mikro Mark 2024 was ’n reuse sukses en beslis ’n eksamen-hoogtepunt!
Baie, baie dankie aan al die ouers wat elke dag gehelp het; jul is voorwaar ’n gedugte span!
Groot waardering ook aan Mev. Sanet Nel wat die projek georganiseer en seepglad laat verloop het.

## 6 GRAAD 5 TOT 7-KONSERT: 10-12 SEPTEMBER 2024

Die tyd het uiteindelik aangebreek en die bal is aan die rol.
Alle graad 5 tot 7- leerders kry die geleentheid om saam konsert te hou. U kind gaan die geleentheid hê om deel te wees van 'n opwindende produksie.
Elke graad 5 tot 7- leerder ontvang Woensdag, 12 Junie 2024 'n deelnemersbrief. Lees dit noukeurig deur vir alle belangrike inligting.
Ons vertrou dat alle ouers vir hul kinders die geleentheid sal gun om hiervan deel te wees. Indien u enige vrae of probleme in die verband het, kontak ons gerus. (nmarais@laerskoolmikro.co.za)

## 7 EKSTRA KUNSKLASSE

Ons herinner u graag daaraan dat leerders die geleentheid het om ekstra kuns te neem. Let asb. op die volgende tye en kostes:

Maandae: Gr. 5 tot 7 om 14:15 – 15:30
Dinsdae: Gr. 3 en 4 om 14:15 – 15:30

Kostes: R200,00 x 11 maande = R2 200,00

Kontak gerus vir juf. Teresa Venter (Kunsopvoeder) by tventer@laerskoolmikro.co.za vir enige navrae.



**L. Mouton**
SKOOLHOOF

# WEEK 11-GEBEURE

10-14 JUNIE 2024

## MAANDAG

## DINSDAG

BELA-OUERINLIGTINGSAAND

## WOENSDAG

CIVVIEDAG - PROJEK HANNAH

OUERBESOEKE

PER UITNODIGING

## DONDERDAG

SAALBYEENKOMS

o.13A-Hokkiewedstryd teen Vredenburg

## VRYDAG

SKOOL SLUIT

## SATERDAG

NETBAL WEDSTRYDBEPALINGS

HOKKIE WEDSTRYDBEPALINGS

RUGBY WEDSTRYDBEPALINGS

# KALENDER : JUNIE 2024

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN** | 4<br>**GRAAD 4-7 EKSAMEN** | 5 | 6 | 7 | 8<br>Verjaarsdag: Juffrou Zanri | 9 |
| 10 | 11<br>**BELA OUERINLIGTINGSAAND @19:00**<br>Verjaarsdag: Meneer André | 12<br>**Projek Hannah**<br>**OUERBESOEKE** | 13<br>o.13A-Hokkiewedstryd teen Vredenburg | 14<br>**SKOOL SLUIT** | 15 | 16 |
| 17<br>Verjaarsdag: Juffrou Clarissa | 18 | 19 | 20 | 21 | 22<br>Verjaarsdag: Tannie Annamarie | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29<br>Verjaarsdag: Juffrou Lutzia | 30 |

***DATUMS IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE/KANSELLASIES.**

**BLOU: Datums bygekom** **Rooi: Datums het verander**

# KALENDER : JULIE 2024

| MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG | SONDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8<br>Verjaarsdag: Juffrou Janneke | 9<br>**SKOOL BEGIN**<br>TIE: Begindatum | 10<br>o.13A-B Rugby en Netbal : Parkies Sport<br>Verjaarsdag: Oom Johnny | 11<br>**GRAAD 1'S VIER 100STE SKOOLDAG**<br>Graad 7-Inligtingsaand @18:00 | 12<br>o.10B, o.11A, o.13A&B-Rugby (T): Worcester-Oos<br>o.7-9 Mini-hokkie (W): Stellenbosch | 13<br>o.10-13-Hokkie (W): Stellenbosch | 14 |
| 15<br>Ouerkomitee @18:00<br>Verjaarsdag: Juffrou Alida | 16<br>**KOSMOS @19:00** | 17<br>**NETHEIDSKONTROLE**<br>Graad 4-Uitstappie<br>Netbal: Goodwoodpark<br>Rugby (T): Aristea + Destinatus | 18<br>Graad 4-Uitstappie<br>Hokkie: Wedstrydbepalings word nog bevestig<br>Verjaarsdag: Meneer Shaun | 19<br>Hokkie (W): Beaumont Sportdag<br>Landloop: Metro Kamioenskappe | 20<br>Rugby&Netbal (W): Beaumont Sportdag<br>Verjaarsdag: Juffrou Jonelia | 21 |
| 22<br>Piano Festival: Begindatum<br>Koorkonsert (W): Jan v Riebeeck | 23 | 24<br>Netbal: Wedstrydbepalings word nog bevestig<br>Rugby (T): Totius | 25<br>Hokkie: Wedstrydbepalings word nog bevestig<br>Verjaarsdag: Juffrou Millicent | 26<br>o.7-9A-C Rugby en Netbal (W): Bastion<br>Skaak: Wedstrydbepalings word nog bevestig | 27<br>Vredenburg Sportdag<br>Bergfiets: Bethlehem Farm | 28 |
| 29 | 30<br>Verjaarsdag: Oom Gerrit | 31<br>Netbal: Wedstrydbepalings word nog bevestig | | | | |

***DATUMS IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE/KANSELLASIES.**

**BLOU: Datums bygekom** **Rooi: Datums het verander**

# ADVERTENSIES

## OWO-KLEREKAS

Die OWO-klerekas sal op die volgende datums beskikbaar wees vir die aankoop van tweedehandse skoolklere.

Skenkings kan ook op hierdie datums afgegee word.

Gebruik asb die ingang by Diedrikkiestraat.

**9 JULIE 2024**
17:00-18:30

**6 AUGUSTUS 2024**
17:00-18:30

**3 SEPTEMBER 2024**
17:00-18:30

owo@laerskoolmikro.co.za










## WEN EEN VAN DIE VOLGENDE PRYSE:

1. 7 NAGTE MAURITIUS VAKANSIE VIR 2 PERSONE.
2. 3 NAGTE AKKOMMODASIE VIR 2 PERSONE BY DIE VIERSEISOENE GASTEHUIS (LOXTON). ONTBYT BY DE ZINKSCHUUR INGESLUIT.
3. 'N HEERLIKE HELE LAM.

**DATUM VAN TREKKING: 26 JULIE 2024**

T&V VAN TOEPASSING

PRYS GELDIG VIR 6 MAANDE VANAF TREKKING

REIS- EN BAGASIEVERSEKERING OP EIE ONKOSTE

VLUGTE VANAF JOHANNESBURG

PRYS KAN NIE GERUIL WORD VIR KONTANT NIE


# ADVERTENSIES






# ADVERTENSIES



# ADVERTENSIES









# BAIE DANKIE AAN AL ONS BORGE

TOYOTA
LEAD THE WAY
NMI TOYOTA KUILSRIVIER

HINO KUILSRIVIER

coolideas
INTERNET SERVICE PROVIDER

VUMA

KING CARS .CO.ZA

EST. 2021
JOWA'S

HMC BUILDING PTY Ltd

AMPLEC

Truck Trailer & Tractor Services

Lucinda Real Estate
0824157992
We offer:
• FREE valuations
• Buying and selling of properties

J. O HOME MAINTENANCE

PROKUREURS • AMAGQWETHA • ATTORNEYS
L&S
LAÄS & SCHOLTZ

BH AIR BRAKES

HHWASTE

excoprint
label manufacturers
Where time is important

HICKMAN'S KUILSRIVIER

Motor Corp Sa

INTELLIGENT POWER SOLUTIONS
Consulting Engineers • Alternative Energy Solutions
Electrical Construction

HAYESTAD MOTORS

POWER PARTNERS CONSULTING

BULLYS REPS MMA

DIE PALE DEPOT
VERSKAFFERS VAN PALE EN RIET

your PREFERRED AGENT
SCHONNE BRUWER
082 445 1372
schonne.bruwer@harcourts.co.za
harcourtsdunn.co.za
Harcourts Dunn

TP
INNOVATIVE QUALITY PRODUCTS

BURGESS ATTORNEYS
Attorneys & Conveyancers

IES
INDEPENDENT ELECTRICAL SUPPLIER
easy to do business with

JJE AUTOMECHANICAL & HYDRAULIC SOLUTIONS

WINGFIELD MOTORS

# ADVERTEER IN ONS MIKROFOKUS

- Die Mikrofokus word weekliks op D6 geplaas. Ons ouers ontvang dit ook weekliks per WhatsApp.
- 'n Kopie van die Mikrofokus word ook op die skool se webwerf geplaas en die skakel word op ons Facebook (/LSMikro) se blad gedeel. Daar is tans 3900 volgelinge.
- Bespreek spasie vir die uitgawe voor of op Woensdae om 12:00 by info@laerskoolmikro.co.za – alle grafika (in PNG of JPEG-formaat) moet ons teen die Donderdag om 12:00 bereik.

## PRYSE

**Per uitgawe:**

- A6 (10.5 x 14.8 cm) - R250
- A5 (14.8 x 21.0 cm) - R350
- A4 (21.0 x 29.7 cm) - R500

**Indien meer as een uitgawe:**

- A6 (10.5 x 14.8 cm) - R250 + R225 + R200
- A5 (14.8 x 21.0 cm) - R350 + R315 + R300
- A4 (21.0 x 29.7 cm) - R500 + R450 + R405

MIKRO
WERK EN SKEP